

16 Augustus

Doen nou iets om te ontvlug van God se toorn

Skrifgedeelte: Jeremia 4:5-31

Fokusgedeelte: Jeremia 4:18

Ons land het vol geweld geword. Geweld deur kapings en moord, aborsies, egskeidings en onmin in gesinne. Dit voel asof die Here besig is om ons land te tug en niemand van ons kan ontvlug nie.

God stuur Jeremia om sy volk te waarsku dat sy oordeel oor hulle aan die kom is. Hy beklemtoon telkens dat die oordeel onkeerbaar is: soos 'n vuur wat nie gestuit kan word nie (vs 4), soos 'n leeu in wie se kloue jy beland het (vs 7), soos 'n wind wat in die woestyn opsteek (vs 11-12), soos wolke wat saampak vir 'n donderstorm (vs 13). Kan jy een van hierdie dinge keer? Net so min kan die Here se oordeel gestuit word as dit eenmaal aan die kom is. Omdat die volk ver van die Here af leef, is hulle lam in hulle siele (vs 31). Hulle probeer dwase dinge om van die oordeel af weg te kom (vs 30). Selfs die mense wat moet leiding gee, staan verlam en stom voor God se oordeel (vs 9).

So lyk dit vandag ook tot 'n groot mate in ons land. Wat is jou antwoord op die geweld in ons land? Het jy ook verlam geraak, sielsmoeg?

Al sê God dat die oordeel onkeerbaar is, gee Hy tog vir sy volk raad hoe hulle te midde van die oordeel kan bly leef (vs 1, 2, 4, 5, 8, 14). Jy het God se Gees in jou wat jou in die volle waarheid kan lei. Jy ken die oorwinning en volkome verlossing in Jesus Christus. Leef in gehoorsaamheid aan God, en jy sal midde-in die geweld en onrus by Hom jou rus kan vind. God sal jou kan gebruik om ook vir ander rigting aan te dui. As jy nie na Hom luister nie, bring jy die ongeluk en sy toorn oor jouself (vs 18).

Sing: Psalm 116:2, 3

Dr. Gert Breed (Randburg)